**IN SAMEWERKING MET DIE CHRISTELIKE LEKTUURFONDS:**

Daar is vandag baie mense, selfs sg "teoloë" wat dit onomwonde en uitdagend stel dat ons HERE Jesus Christus nie uit die dood opgestaan en opgevaar het na die hemel nie. Sy maagdelike geboorte en sy Godheid is stories.

Hy was net 'n historiese Jesus wat vir ons mooi etiese reëls kom gee het wat ons kan navolg. Daar is nie 'n lewe na die dood nie en die kerk is buitendien uitgedien.

In die lig van al hierdie aanslae het ek in samewerking met die Christelike Lektuurfonds (CLF) so pas klaar geskryf aan my nuwe boek: **"KOM KYK! IS HY NIE DALK DIE CHRISTUS NIE?"** Ek het na die vier Evangelies en sommige Briewe gaan kyk, na **mense se persoonlike ontmoeting met Jesus, hulle reaksie oor Jesus** en **wat hulle vir Hom of oor Hom gesê het.** Die bedoeling is dat ek en jy uit dieselfde hoek na Jesus sal kyk en daarop reageer. Vra jouself elke keer af wat jou reaksie sou wees as jy voor Jesus gestaan het? Ek gebruik die direkte woorde as my opskrifte. Hierdie boek kan help om mense se oë weer oop te maak oor wie JESUS werklik is.

Die manuskrip is reeds by die drukkers. Ons wil hierdie luukse boek as 'n **voorPUBLIKASIE-aanbod** beskikbaar stel teen 'n baie spesiale prys van slegs R100 plus posgeld. Bestel dadelik by CLF of by die skrywer: attiebeetge@gmail.com. Jy betaal eers nadat jy die boek ontvang het en tevrede is.